LAERSKOOL BASTION

PROSPEKTUS

LAERSKOOL BASTION - CREDO

1 Ek glo in Jesus Christus wat my krag in alles gee.
2 Ek is lief vir my land, my dorp en my skool.
3 Ek eer my ouers en my opvoeders.
4 Ek gehoorsaam my landswette.
5 Ek doen in alles my beste
6 Ek glo ek staan sterk omdat ek in die Waarheid glo.

VIRES VERITAS
Uit die Waarheid word Sterkte gebore.

DIE MISSIE VAN LAERSKOOL BASTION

By Bastion wil ons met behulp van die beste personeel en die beste middele die beste onderwys aan ons gemeenskap se kinders bring. Ons glo dat gelukkige onderwysers gelukkige kinders tot verantwoordelike volwassenheid sal lei. Ons onderskryf onderwys volgens Christelike beginsels. Mag God ons daartoe help!

BASTION : AGTERGROND

Laerskool Bastion, geleë in Proteahoogte (Brackenfell-Suid), bestaan sedert Januarie 1980. Dis ‘n parallelmediumskool wat onderrig verskaf in beide Afrikaans- en Engelsmedium. Sedert dit in 1980 met 294 leerders begin het, groei die inskrywings elke jaar.

Die skool bied ‘n gebalanseerde opvoedingsprogram aan. Akademies huisves ons leerders van Graad R tot Graad 7 en ‘n OLSO-klas. Daar word na uitnemendheid gestreef. Die Interhuiskompetisie, die Prysuitdeling en die DUX-leerder elke jaar, bewys dit. Leerders ontvang didakties-remediërende hulp waar nodig. Ons strewe is om ons leerders se intellek ten volle in te span. Ons het ook twee ten volle toegeruste rekenaarsentrums, waar rekenaargeletterdheid as deel van die kurrikulum aangebied word, vanaf Graad 1.

Op kultuurgebied neem ons aan die Internasionale Tygerberg-Eisteddfod deel waar ons baie goed presteer. Ons het twee groot kore, bied individuele klaviermusiek aan, bevorder klassang, hou gereeld konsert, kersspele en ons bied verskeie dramas en sangoptredes van buitepersone aan. Verskeie van ons leerders verwerf groot eer op die verhoog.

Op sportgebied bied ons rugby, krieket, hokkie, tennis, atletiek, landloop, judo, karate, skaak en ballet aan. Van hierdie bedrywighede word deur buitepersone teen ekstra koste aangebied.

Die skolierpatrollie, die biblioteekmonitors en ons prefekte verrig koningswerk. Hierdie leerders is leiers wat wind en weer trotseer om op hul pos te wees. Ons stelsel van prefekte verseker dat goeie dissipline gehandhaaf word en skoolreëls gehoorsaam word.

Die personeel is almal hoogs en toepaslik gekwalifiseerd. Die personeel en leerders verteenwoordig al die kleurgroepe van die land, maar in Bastion is ons slegs Bastioniete.

Die skoolkomitees, Beheerrade, en tans Beheerliggaam het oor jare, getrag om net die beste diens te lewer. Hulle het die knapste opvoeders probeer aanstel. Daarom baat ons leerders daarby. Die Beheerliggaam stel elke jaar ‘n begroting op wat bekostigbaar is, sodat ons addisionele opvoeders kan betaal. Die skool kon ook addisionele klaskamers uit eie sak bou.

Ons wil graag ‘n veilige gelukkige hawe vir al ons leerders wees, ‘n plek waar hulle kan groei en groot word. Ons wil graag skakeling met al ons ouers hê. Daarom handhaaf ons ‘n beleid van openheid, bied ons drie oueraande per jaar aan en het ons ‘n flukse Ouer-Onderwyservereniging.

Bastion deel sy skooldrag met al die skole in die dorp, neem kompeterend deel in al die sportsoorte, bevorder liefdadigheid, neem ons kinders op talle uitstappies en bied Buitelugopvoeding aan.

Ons ideaal is dat elke Bastionleerder, volkome toegerus en gereed vir die hoërskool, ons as Graad 7 verlaat. Die feit dat so baie van ons oudleerders tans nasate by ons inskrywe, spreek boekdele.
“The chickens come home to roost.”

TOELATINGSBELEID : 2008

1 Leerders wat binne Proteahoogte area woon, kry voorkeur.
2 Onderwysers van Bastion se kinders word beskou as binne die area te woon.
3 Ouers van leerders wat op meriete van buite toegelaat word, moet skriftelik onderneem om die skoolheffing vooruit te betaal en om die skoolreëls stiptelik na te kom.
4 Nuwe ouers moet EERS die skoolhoof spreek voordat hul kinders toegelaat word.
5 Leerders wat 7 in die spesifieke jaar word, sal toegelaat word tot Graad 1.
6 Leerders sal toegelaat word in klasse wat nie die 1:35 verhouding (WKOD toewysing) oorskry nie.
7 Afrikaans en Engels is die amptelike onderrigtale van hierdie parallelmediumskool. ***(Leerders word toegelaat in die een wat hulle die beste magtig is.)***
8 Leerders moet die vorige Graad geslaag het (Bv Gr 6) om in die volgende Graad toegelaat te word (Bv Gr 7). Leerders wat van buite toegelaat word, mag liefs nie meer as 2 jaar ouer as die mediaan wees nie.
9 Voornemende ouers moet hulle neerlê by die Christelike waardes wat bely word.
10 Reg van toegang voorbehou.

GEDRAGSKODE EN SKOOLREëLS: BASTION LAERSKOOL: 2008

1 **Skoolure:** 07:45 - 14:00 (Maan-, Dins-, Woens- en Vrydag)
07:45 - 13:00 (Donderdag)

GRONDSLAGFASES: (Graad 1 & 2)	07:45 - 13:00(Maan-, Dins-, Woens- en Vrydag)
	07:45 - 12:10(Donderdag)
SEKRETARESSES:	07:15 - 15:30 (Elke dag van die week)
OPSIGTER EN SPAN:	07:00 - 15:30 (Elke dag van die week)

2 GRAAD R - LEERDERS moet van hul ouers of ‘n bekende volwassene vergesel wees. 07:45 - 12:10 (Elke dag van die week)
3 Skooldrag: ***Lees kleredragbylae.*** Alle leerders wat weens omstandighede van die norm af wil wyk, moet eers die hoof raadpleeg. (Skriftelike toestemming).
4 Klavier-, klawerbord- en blokfluitonderrig word aan ‘n beperkte aantal leerders onderrig teen fooie wat, streng vooruitbetaalbaar, deur die Beheerliggaam bepaal word.
5 Sport- en kultuurbedrywighede is na skool, nie verpligtend nie, maar vir almal toeganklik.
6 Onderrig is parallelmedium.
7 Skoolbywoning is verpligtend vir alle leerders vanaf Januarie die jaar waarin hul 7 jaar bereik tot Desember van die jaar waarin hulle sestien jaar oud word. Ouers wat stokkiesdraai **steun**, is strafbaar deur die wet.
8 Leerders moet die skool betyds bereik.
9 Die skoolhoof/klasonderwyser(es) moet in kennis gestel word indien kinders liggaamlike afwykings het.
10 Leerders wat ‘n ***aansteeklike of aantastelike*** siekte opdoen, verlaat die skool onmiddellik en keer eers terug met toestemming van die skoolhoof.

11 Indien ‘n leerder deur die skooldokter/skoolverpleegster na ‘n geneesheer verwys word, word van ouers verwag om die diagnose aan die skool voor te lê. ***Afskrifte van sielkundige verslae moet ook aan die skool voorsien word.***

12 Dokters- en tandartsafsprake tydens skoolure is uiters ongewens. Ouers se samewerking word aanvaar.

13 Ouers moet skriftelik verduidelik waarom ‘n leerder afwesig is. ***Die skoolhoof behou hom die reg voor om ’n doktersertifikaat te eis indien ‘n leerder op toetsdae afwesig is.***

14 Alle besittings en klere van leerders moet behoorlik gemerk wees. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore goedere nie. Onopgeëiste, ongemerkte eiendom word na twee weke verbeurd verklaar.

15 Ouers is baie welkom om ***per afspraak*** die skoolhoof /klasonderwyser tydens skoolure te besoek. Ouerbesoek tydens skoolure in klasse is ongewens.

16 Leerders verlaat nie die skoolterrein (behalwe onder toesig) tydens skoolure nie.

17 Wisseling van klasse geskied onder toesig.

18 Almal moet meehelp om die skool en terrein skoon te hou.

19 Alle fietse word in fietsrakke geparkeer en gesluit. Gepeuter aan fietse is **verbode.**

20 Geen bakleiery word binne of buite die skoolterrein toegelaat nie.

21.1 **SEUNS** se hare moet kort geknip wees en nie aan die wenkbroue, die ore of die boordjie raak nie. ***Vermy die “step”.***

21.2 **DOGTERS** met lang hare moet dit of netjies vleg of poniestertgewys met ‘n ***donkerblou of wit lint of gewone haarrekkie*** vasmaak. Geen hare in gesig nie.

21.3 Geen ***naellak of grimering*** word toegelaat nie.

21.4 ***Geen middels van enige aard mag aan hare aangewend word nie.***

21.5 ***Enige onnatuurlike haarstyl is ontoelaatbaar. Die skoolhoof sal hier sy diskresie gebruik.***

22 Geen versiersels, behalwe horlosies, en ***1 stel van 1 oorknopie of ringetjie deur die oorlel by dogters,*** word toegelaat nie. Die skoolhoof keur die aard en grootte van laasgenoemde versiersels goed.

23 Geen leerders word voor of na skool,of tydens pouses in klaskamers toegelaat nie. ***(Behalwe op reëndae)***

24 Daar word verwag dat leerders tuiswerkopdragte stiptelik sal nakom.

25 ***Die skoolheffing word jaarliks deur die Beheerliggaam aangepas***. Ouers kan reël om dit per debietorder, per maand, per kwartaal of per jaar te betaal. Die skoolfonds is R4 000.00 per jaar per leerder.

26 Enige opsetlike of moedswillige verbreking van hierdie reëls is strafbaar in ooreenstemming met die toepaslike klousules in die Wet soos uiteengesit in die Regulasies.

27 Ouers is aanspreeklik vir moedswillige skade deur kinders aan skooleiendom.

28 Daar word verwag dat leerders te alle tye hoflik en vriendelik sal optree aangesien hulle ambassadeurs vir Bastion is.

29.1 Tasse altyd in hand **weg** van die muur.

29.2 Klaswisseling na C en D blokke buite-om behalwe op reëndae.

29.3 Leerlinge beweeg net vir boodskappe, siekte en video-klasse deur voorportaal.

30 Geen alkoholiese ***drank of verdowingsmiddels*** word op terrein toegelaat nie.

31 Geen pornografiese materiaal van enige aard word toegelaat nie.

32 Leerders mag nie op skoolterrein rook nie.

33 Geen leerders mag ‘n gevaarlike wapen in sy/haar besit hê nie.

34 ***Skopfietse, rolskaatse en skaatsplanke is te alle tye verbode op die skoolterrein.***

35.1 ***Geen leerder mag die openbare telefoon tydens klastyd gebruik nie.***

35.2 ***Geen leerder mag sy/haar ouer skakel om hom/haar te kom haal nie. Indien ‘n leerder siek voel, sal die leerkrag hom/haar na die kantoor stuur, vanwaar die ouers gekontak sal word.***

35.3 ***Geen selfone mag tydens klastyd aangeskakel wees nie. (Vide reël 14)***

36 ***Herhaalde oortredings sal daartoe lei dat leerders op detensie geplaas word en indien daar nie ‘n verbetering te bespeur is nie, mag dit selfs lei tot skorsing.***

BASTION SKOOLLIED

Soos ‘n skans wat stewig staan
en ‘n vesting wat nie sal vergaan,
het ‘n skool hier sy beslag gekry
met ‘n naam wat staande bly.

In ons werk en spel en naastediens
in ons strewe en ons daad
Versterk geloof ons toekomsdroom
bly ywer steeds ons maat.

Bastion, ons roem jou naam
aan ons skool se toekoms bou ons saam
Bastion, versterk ons gees
om ons land en volk tot diens te wees.

“VIRES VERITAS” – Uit die Waarheid word Sterkte gebore.

LAERSKOOL BASTION - KLEREDRAG

SEUNS

SOMERDRAG

1 Kleurbaadjie (donkerblou) met wapen (Opsioneel)
2 Kort grysbroek - standaardkleur (langbroek opsioneel)
3 Lang gryskouse
4 Swart (sonder patrone) toerygskoene
5 Wit kortmou hemp **met wapen op sak**

WINTERDRAG

1 1 tot 4 dieselfde as somerdrag (grys langbroek)
5 Wit langmouhemp sonder wapen
6 Donkerblou V-nektrui (opsioneel)
(Ouers wat self wil brei moet asseblief koussteek gebruik - geen patrone nie)
7 Bastion-windjekker (opsioneel)

SPORTDRAG

1 **Atletiek, landloop en bewegingsvaardighede:**
Bloukleurige frokkie met rooi omboorsel en Bastion in rooi.
Blou Quantec broek met rooi pype en Bastion in rooi.

2 **Rugby:**
Goudkleurige ronde-nek trui met rooi omboorsel (Skool verskaf dit)
Swart kortbroekie
Oefenhemp: Bloukleurige gholfhemp met rooi kraag(omboorsel)
Blou Quantec broek is opsie

3 **Krieket, Tennis en Hokkie:**
Bloukleurige gholfhemp met rooi kraag en Bastion in rooi.
Blou Quantec broek met rooi pype en Bastion in rooi.
Krieket en Hokkie: Blou hokkie sokkies met ‘n rooi en geel systreep
Tennis: Lang grys skoolsokkies met wit seilskoene

4 **Bewegingsvaardighede:**
Leerders doen bewegingsvaardighede in amptelike sportdrag

DOGTERS
SOMERDRAG
1 Kleurbaadjie (Donkerblou) met wapen (Opsioneel)
2 Rok - Staalblou met wapen
3 Wit kortmou hemp (sonder wapen)
4 Kort wit sokkies
5 Swart toeryg- of bandjieskoene (sonder patrone)
6 Bypassende donkerblou broekie

WINTERDRAG
A Dieselfde as die somerdrag, behalwe
1 Langmou wit hemp (**sonder wapen**)
2 Lang seunskouse
3 Donkerblou V-nek trui (Opsioneel)
4 Bastion windjekker (Opsioneel)
OF
B
1 Lang grys dogtersbroek
2 Langmou wit hemp
3 Kort wit sokkies / lang grys seunskouse
4 Swart skoene
5 Kleurbaadjie / Bastion windjekker (Opsioneel)

SPORTDRAG
1 **Netbal, Atletiek, Tennis, Hokkie, Landloop en Bewegingsvaardighede**
Bloukleurige gholfhempie sonder moue met rooi omboorsel en Bastion in rooi.
Blou "scooter" broekie met rooi pype en Bastion in rooi.
Tennis: Wit sokkies en wit seilskoene
Hokkie: Hokkiekouse met geel en rooi strepe
Bewegingsvaardighede:
Leerders mag in hul skoolsweetpak bewegingsvaardighede doen.
'n Blou hempie moet onder die sweetpak gedra word en tekkies met wit sokkies daarby.
* Bogenoemde mag slegs op die dag waarop bewegingsvaardighede gedoen word as skoolklere dien.
Haarversiering: **Wit**

SKOOLDRAG EN SPORTKLERE SAL BESKIKBAAR WEES IN DIE NUWE KLASKAMER IN DIE HOOFGEBOU OP ONDERSTAANDE DAE EN TYE.

Elke Maandag en Woensdag vanaf 13:30 tot 15:00
Elke Woensdagaand vanaf 17:00 tot 18:00

LAERSKOOL BASTION: AKTIWITEITE

SPORT AND KULTUUR

SPORT	
SOMER	**WINTER**
Krieket	**Rugby**
Tennis	**Netbal**
Atletiek	**Hokkie**
	Skaak
	Landloop

NIE-SKOOL SPORT
Karate
Ballet

KULTUUR
Omgewingsklub
Rekenaarklub
Koor
Kunsklub